Plak asseblief die strepieskode-etiket hier	TOTALE PUNTE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

TOERISME

EKSAMENNOMMER

Tyd: 3 uur 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye en 'n Bylaag van 8 bladsye (i–viii). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Die Bylaag bestaan uit die volgende:
   - **ADDENDUM A:** Mamasamba wen Style-toekenning
   - **ADDENDUM B:** Parys 2024 Olimpiese Spele: Uitdagings en Geleenthede vir Franse toerisme
   - **ADDENDUM C:** Wêreldtydsonekaart
   - **ADDENDUM D:** Opstel Rubriek
   - **ADDENDUM E:** Konsepkaart Rubriek
2. **Antwoord AL ses vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie wat hierbo daarvoor voorsien is, neer te skryf.** Die Bylaag moet ook ingedien word om die nasienproses te vergemaklik.
3. 'n Nie-grafiese, nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word. Wys al die berekenings.
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Gee spesiale aandag aan spelling en sinstruktuur.
6. Kandidate moet kleurpenne gebruik om die konsepkaart te voltooi.
7. Kandidate moet bladsy 21–22 gebruik om die konsepkaart te konstrueer.
8. Twee blanko bladsye (bladsy 23 en 24) is ingesluit aan die einde van die vraestel. Indien jy nie genoeg spasie vir 'n vraag het nie, gebruik hierdie bladsye. Dui duidelik die vraagnommer van jou antwoord aan as jy hierdie ekstra spasie sou gebruik.

VRAAG	PUNTE TOEKENNING	PUNT BEHAAL	BENADERDE TYD PER VRAAG
1	**41**		35 minute
2	**29**		25 minute
3	**40**		30 minute
4	**30**		24 minute
5	**30**		33 minute
6	**30**		33 minute
Totaal	**200**		180 minute

IEB Copyright © 2024

VRAAG 1

Verwys na **ADDENDUM A: MAMASAMBA WEN STYLE-TOEKENNING BY DIE LUXE RESTAURANT-TOEKENNINGS 2023** om jou te help om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Warren Murley, die operasionele bestuurder vir Mamasamba, het 'n paar baie suksesvolle restaurante gebou.

1.1.1 Stel DRIE entrepreneursvaardighede voor wat hy moontlik oor beskik.

(3)

1.1.2 Verduidelik waarom dit vir hom nodig was om 'n besigheidsplan op te stel voordat hy 'n besigheid kon begin.

(3)

1.2 Skep 'n kort gedragskode wat uit VIER punte bestaan, vir 'n werknemer by Mamasamba.

(4)

IEB Copyright © 2024

1.3 Verskaf TWEE redes waarom 'n gedragskode waardevol sal wees vir Mamasamba.

(2)

1.4 Mamasamba het 'n sterk teenwoordigheid op sosiale media.

Beskryf kortliks TWEE ander geskikte onder-die-lyn metodes wat Warren kan gebruik om sy maatskappy te bemark.

(4)

IEB Copyright © 2024

1.5 Warren het 'n suksesvolle span vir Mamasamba saamgestel. Bespreek die vyf stadiums van die groep se gedrag wat hy moontlik ervaar het.

(10)

IEB Copyright © 2024

1.6 Noem VIER redes waarom spanwerk voordelig is vir 'n besigheid in die diensbedryf.

(4)

1.7 Jy kry die geleentheid om by Mamasamba se span aan te sluit. Jy voer 'n onderhoud vir hierdie posisie.

Beskryf jou eie sterk- en swakpunte as 'n spanlid om Warren te oortuig dat jy 'n bate vir sy span sal wees.

(4)

IEB Copyright © 2024

1.8 Onderskei tussen 'n kliënt se begeertes en behoeftes. Verwys na **ADDENDUM A** om jou antwoord te ondersteun.

(4)

1.9 Bespreek die waarde van kliënteterugvoer vir 'n besigheid.

(3)
[41]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die inligting in die wisselkoerstabel hieronder en gebruik dit om die volgende vrae te beantwoord.

Suid-Afrikaanse Rand	inv. 1,00 ZAR
VSA Dollar	19,2644
Euro	20,8366
Britse Pond	24,3788
Indiese Rupee	0,2323
Australiese Dollar	12,5220
Kanadese Dollar	14,1881
Japanese Yen	0,1278

Koerse soos op 28 Februarie 2024
[Bron: <https://www.x-rates.com/table/?from=ZAR&amount=1> (verkry 28.2.2024)]

2.1.1 Van die lande hierbo, watter een se toeriste sou die meeste koopkrag ervaar deur Suid-Afrika te besoek? Verduidelik jou keuse.

(2)

2.1.2 Dan en Yolandé van die Verenigde Koninkryk het elk £19 000 gespaar vir hul troue in Hermanus, Suid-Afrika. Gebruik die wisselkoerstabel hierbo om te bereken hoeveel geld hulle in ZAR beskikbaar sal hê om te bestee.

Toon al die berekeninge.

(4)

IEB Copyright © 2024

2.1.3 Annie en James van Florida, Amerika, het ook die troue bygewoon. Hulle het R5 000 oorgehad toe hulle na die VSA teruggekeer het. Die koers het verander na ZAR 19,93. Sal dit hulle bevoordeel of benadeel wanneer hulle hul ZAR vir VSA Dollar omruil?

Toon al die berekeninge.

(4)

2.2 Vergelyk kortliks die effek van 'n hoë BBP met die effek van 'n lae BBP op 'n land se ekonomie.

(4)

2.3 Hoe kan 'n swak plaaslike geldeenheid plaaslike toeriste se reispatrone beïnvloed?

(2)

2.4 'n Duitse toeris besoek die Kruger Nasionale Park.

2.4.1 Stel TWEE fasiliteite voor waar hy sy geldeenheid kan omruil.

(2)

IEB Copyright © 2024

2.4.2 Moet hy die BKK of die BVK gebruik om die bedrag in ZAR te bereken wat hy waarskynlik sal ontvang wanneer die bank sy Euros koop? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

(2)

2.5 Noem DRIE faktore wat die sterkte van 'n geldeenheid kan beïnvloed.


(3)

2.6 Bespreek hoe buitelandse besteding in Suid-Afrika 'n vermenigvuldigingseffek veroorsaak en uiteindelik die BBP beïnvloed.

(6)
[29]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg op die voorsiene lyne. (*Nota: die vrae is gedruk binne die blou reghoeke op die diagram*.)



IEB Copyright © 2024

3.1.1 _____

_____

(1)

3.1.2 _____

_____

(1)

3.1.3 _____

_____

(2)

3.1.4 _____

_____

(2)

3.1.5 _____

_____

(2)

3.2 3.2.1 Adviseer toeriste oor voorsorgmaatreëls wat geneem moet word wanneer hulle na 'n bestemming reis om malaria, bilharzia en cholera te voorkom.

_____

_____

_____

_____

(3)

3.2.2 Adviseer toeriste aangaande TWEE algemene veiligheidswenke wanneer hulle in Suid-Afrika reis.

_____

_____

(2)

3.2.3 Hoe kan toeriste die gevolge van vlugvoosheid vermy?

_____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2024

3.3 Verwys na **ADDENDUM C: DIE WÊRELDTYDSONEKAART**, om jou te help om die volgende vrae te beantwoord.

3.3.1 'n Vrou in die Seychelle het 'n besigheidsvergadering via Zoom met iemand in Tokio, Japan. Sy wil met die Japannese praat wanneer dit 10:00 in Tokio is op 23 November. Bereken die plaaslike tyd in die Seychelle wanneer sy die Zoom-oproep moet maak. Toon al die berekeninge. Die Seychelle gebruik nie dagligbesparingstyd (DBT) nie.

(3)

3.3.2 Yolandé en Dan van Londen, Engeland, is opgewonde oor hul vakansie na Suid-Afrika.

Hulle sal om 13:00 op 6 Februarie 2025 na Suid-Afrika op 'n 11-uur vlug vertrek. Bereken die plaaslike tyd met hulle aankoms in Suid-Afrika. Londen maak gebruik van dagligbesparingstyd (DBT). Toon al die berekeninge.

(6)

IEB Copyright © 2024

3.3.3 Bereken die datum en tyd van vertrek uit Suid-Afrika, indien Annie en James op 15 Februarie om 09:00 in Miami, VSA, aankom na 'n 18-uur vlug vanaf Suid-Afrika.

(6)

3.4 Noem VIER ekonomiese voordele vir 'n land om dagligbesparingstyd (DBT) te implementeer.

(4)

3.5 As 'n Suid-Afrikaanse toeris van O.R. Tambo na Heathrow, Engeland, vlieg, sou hulle vlugvoosheid of vlugmoegheid ervaar? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

(2)

IEB Copyright © 2024

3.6 Deur 'n voorbeeld te gee, verduidelik die belangrikheid van die Internasionale Datumlyn (IDL) in reisbeplanning.

(4)
[40]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 4

Verwys na **ADDENDUM A: MAMASAMBA WEN STYLE-TOEKENNING BY DIE LUXE RESTAURANT-TOEKENNINGS 2023** om jou te help om die volgende vrae te beantwoord.

4.1 Verwys na die artikel om 'n SSGB-analise van Mamasamba op te stel. Noem TWEE geldige punte onder elke opskrif.

(8)

4.2 Stel TWEE moontlike oplossings voor vir elk van die bedreigings wat jy in Vraag 4.1 geïdentifiseer het.

(4)

4.3 Gebruik enige van die 7P's van bemarking van 'n diens om 'n basiese bemarkingsmengsel vir Mamasamba te ontwikkel. Gebruik die artikel om jou antwoord te ondersteun.

(14)

4.4 Identifiseer VIER kenmerke van 'n suksesvolle besigheid.

(4)
[30]

IEB Copyright © 2024

VRAAG 5 OPSTEL

ADDENDUM B bespreek die gevolge van massa toerisme in Frankryk.

Bestudeer die inligting wat in die Addendum verskaf is, sowel as die rubriek gemerk **ADDENDUM D** in die Bylaag. Verwys na hierdie bylae om jou te lei om 'n opstel van 2–2½ bladsye te skryf om die volgende onderwerp te adresseer:

Moet toerismebestemmings in Frankryk toerisme volumes beperk of toeriste verwelkom?

Sluit die volgende aspekte in jou opstel in:

- Impak van die gasheergeleentheid op die drievoudige basislyn.
- Impak van die gasheergeleentheid op internasionale en plaaslike besoekersgetalle na Frankryk.
- Impak van die gasheergeleentheid op toerismebestemmings.
- Riglyne vir toeriste om die positiewe impak op toerisme te verbeter.
- Verseker dat jy by die struktuur en meganika van opstel-skryfwerk hou deur 'n titel en duidelike paragrawe in te sluit en aandag aan spelling en grammatika te gee.

[30]

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024

VRAAG 6 KONSEPKAART

Verwys na **ADDENDUM A** in die Bylaag: **MAMASAMBA**.

Konstrueer 'n konsepkaart op bladsy 21 en 22 waarin jy die onderlinge verhoudings tussen 'n besigheid se professionele beeld, die besigheid se bemarkingstrategieë, die sukses van die besigheid en hoe dit uiteindelik sal lei tot ekonomiese en gemeenskapsontwikkeling, illustreer.

Verskaf voorbeelde uit die Addendum sowel as jou eie kennis om die opstel van jou konsepkaart te versterk.

Spreek die volgende punte in jou ontwerp aan:

- Die belangrikheid van bemarking om die sukses van 'n besigheid te verhoog.
- Faktore wat kan bydra tot Mamasamba se sukses as 'n restaurant.
- Die faktore wat bydra tot die professionele beeld van Mamasamba as 'n besigheid.
- Hoe die sukses van Mamasamba die ontwikkeling en ekonomiese groei binne die gemeenskap kan beïnvloed.
- Plaaslike en internasionale bemarkingsgeleenthede vir Mamasamba.
- Jou verduideliking van die skakels sal jou begrip van die onderlinge verhoudings tussen die konsepte toon.

Verseker dat jy verskeie kleure en 'n sleutel gebruik om die konsepte en idees te onderskei.

Verwys na **ADDENDUM E: NASIENRUBRIEK VIR KONSEPKAART** om die voltooiing van jou konsepkaart te lei.

[30]

IEB Copyright © 2024

Konsepkaart

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2024

ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.

IEB Copyright © 2024

IEB Copyright © 2024